

3. DIVERSE TARIWE, FOOIE EN HEFFINGS

- 3.1 'n Volledige afskrif van alle diverse tariewe, fooie en heffings lê ter insae by bogenoemde munisipale kantore (sien bylae 6 by goedgekeurde begroting).
- 3.2 Alle diverse tariewe, fooie en heffings sluit BTW in, buiten boetes, terugbetaalbare deposito's, oordrag van huiseienaarskap, huurbestuur en gekontrakteerde openbare padvervoer, wat van BTW vrygestel is.
- 3.3 BTW word bereken teen 15% ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, Wet 89 van 1991.
- 3.4 Die Koebergkernnoodgereedheidstarief is herbereken as 'n kosteweerspieëlende tarief, soos wetgewing oor plaaslike regering vereis én soos die memorandum van verstandhouding tussen die Stad en Koebergkernkragstasie bepaal. Die volle tarief, wat insluit aanpassings as gevolg van veranderinge in rampbestuursbedrywighede én die vereiste jaarlikse styging om die tarief kosteweerspieëlend te hou, verskyn in die Stad se tariefboek.
- 3.5 Met die hervatting van bedrywighede by die Astron Energy-raffinadery is 'n tussentydse verhaaltarief vir die geskatte koste van 'n jaarlikse rampbestuursoefening bereken ooreenkomstig artikel 74(2)(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, wat bepaal dat "tariewe die koste moet weerspieël wat redelikerwys met die lewering van die diens in verband gebring word, insluitende kapitaal-, bedryfs-, instandhoudings-, administrasie- en vervangingskoste, en renteheffings". Die tussentydse verhaaltarief vir die boekjaar 2023/24 is op 'n bedrag van R1 miljoen (sonder BTW) vasgestel en verskyn in die Stad se tariefboek.

4. TOELAES EN OORDRAGTE AAN EKSTERNE ORGANISASIES

- 4.1 Raadpleeg bylae 23 by die goedgekeurde begroting vir 2023/24 vir 'n lys organisasies/liggame wat as toelae-, subsidie- of bydraebegunstigdes voorgestel word.

5. STADSVERBETERINGSDISTRIKTE: BYKOMENDE HEFFINGS

Bykomende heffings vir stadsverbeteringsdistrikte word teen 15% BTW belas. Bykomende heffings word hier onder as 'n koers in die rand weergegee.

2023/24			
STADSVERBETERINGSDISTRIK	GOED-GEKEURDE BEGROTING R	GOED-GEKEURDE RESIDENSIELE BYKOMENDE HEFFING R	GOED-GEKEURDE NIERESIDENSIELE BYKOMENDE HEFFING R
Lughawe-industria	6 233 746	n.v.t.	0,002490
Beaconvale	4 625 613	n.v.t.	0,003005
Blackheath	4 139 285	n.v.t.	0,001444
Boston	4 444 962	0,001064	0,001700
Brackenfell	4 101 526	n.v.t.	0,002458
Kaapstad-middestad	99 283 131	0,001498	0,002833
Claremont	13 131 393	0,000465	0,001965
Clifton *	9 350 945	0,000917	0,001516
Elsiesrivier	3 971 314	n.v.t.	0,004440
Epping	14 062 272	n.v.t.	0,001626
Vishoek	1 342 324	0,000522	0,001844
Glosderry #	2 267 608	0,000403	0,003264 >50% = 0,000617
Groenpunt	13 414 821	0,000410	0,002453
Groote Schuur	9 344 198	n.v.t.	0,002120
Kalkbaai en St. James	2 503 620	0,000485	0,001436
Little Mowbray/Rosebank	2 660 607	0,000592	0,001536
Llandudno	4 757 224	0,000801	0,000951
Onder-Kenilworth	1 718 010	0,000851	0,001342
Maitland	4 580 465	n.v.t.	0,002503
Mitchells Plain-middeoord	2 355 336	0,000920	0,003468
Montague Gardens-Marconi Beam	8 897 490	n.v.t.	0,001049
Mount Rhodes #	723 130	0,001703	0,002296
Muizenberg	3 040 000	0,001071	0,003079
Northpine	2 879 013	0,001122	0,002306
Oakwood/Hughenden/Meadows	1 025 173	0,001659	0,002403
Observatory	10 166 191	0,000929	0,003034
Oranjekloof	9 023 781	0,000472	0,002415
Overkloof #	533 193	0,001535	0,001535
Paardeneiland	5 983 628	n.v.t.	0,001138
Park Island *	651 500	0,001568	0,002162
Parow-Oos-industria	1 921 400	n.v.t.	0,003484
Parow-industria	6 571 168	n.v.t.	0,002174
Penzance Estate	1 430 774	0,001562	0,003640
Pinelands *	10 174 915	0,000600	0,001208
Souttrivier	5 262 013	n.v.t.	0,002762
Scott Estate en Bavianskloof	3 164 477	0,001174	0,002019
Seepunt	8 805 167	0,000738	0,001632
Somerset-Wes	4 083 457	n.v.t.	0,003541
Stikland-industria #	6 025 335	n.v.t.	0,002457
Strand	1 786 433	n.v.t.	0,003498
Triangle-industria	3 028 992	n.v.t.	0,003515
Tygervallei	4 785 231	n.v.t.	0,002499
Bo-Kenilworth *	4 064 866	0,000767	0,001749
Voortrekker-wegkorridor	28 007 532	n.v.t.	0,003180
Vredeklouf	4 114 232	0,001607	0,002598
Welgemoed	4 051 328	0,000681	0,001190
Woodstock	7 599 946	n.v.t.	0,001565
Wynberg	7 363 044	0,001451	0,003559
Zeekoewleiskiereiland	667 419	0,001970	0,002868
Zwaanswyk	1 333 251	0,000835	0,000874

Let wel: Bykomende heffings word sonder BTW aangedui. Heffings met BTW is beskikbaar in die Stad se boek van tariewe, fooie en heffings.

Op 29 Maart 2023 het die Raad die verlenging van termyn goedgekeur en dat die stadsverbeteringsdistrik sy nuwe sakeplan vir 'n verdere tydperk van 5 jaar vanaf 1 Julie 2023 implementeer. * Onderworpe aan die Raad se goedkeuring vir die instelling van die stadsverbeteringsdistrik met ingang van 1 Julie 2023.

6. GEKONTRAKTEERDE OPENBARE PADVERVOERDIENSTE, WAT MyCiTi-GEÏNTEGREERDE SNELVERVOER (GSV) INSLUIT

Tariewe vir openbare vervoer is vrygestel van BTW. Hierdie tariewe is in pas met die bygewerkte tariefbeleid vir gekontrakteerde openbare padvervoerdienste.

Soos wat die beleid vereis, strook algehele verhogings met die geskatte stygings in voertuigoperateurskoste ingevolge die tersaaklike kontrakte.

LW: Inligting wat hier voorsien word, is 'n uittreksel uit die boek van tariewe, fooie en heffings. Vir die volledige weergawe, raadpleeg bylae 6 by die goedgekeurde begroting vir 2023/24.

2023/24		
DIENTE GELEWER EN VERBANDHOUDENDE VERVOERPRODUKTE	EENHEID	R
1. MOVER-REISPAKKETTE		
Minimum pakket: R20. Maksimum pakket: R600.		
2. GSV-TARIEWE MET MOVER-PAKKET		
a. RITTE IN SPANDEER-/SPITSTYD (06:45 tot 08:00 en 16:15 tot 17:30 op enige weksdag), een rigting		
Ritte korter as 5 km	per persoon per rit	11,90
Ritte van 5 km of verder, maar korter as 10 km	per persoon per rit	15,90
Ritte van 10 km of verder, maar korter as 20 km	per persoon per rit	20,90
Ritte van 20 km of verder, maar korter as 30 km	per persoon per rit	23,90
Ritte van 30 km of verder, maar korter as 40 km	per persoon per rit	27,90
Ritte van 40 km of verder, maar korter as 50 km	per persoon per rit	29,90
Ritte van 50 km of verder, maar korter as 60 km	per persoon per rit	31,90
Ritte van 60 km of verder	per persoon per rit	34,90
Premie op lughawediens in spitstyd (benewens afstandgebaseerde tarief)	per persoon per rit	50,90
b. RITTE IN SPAARTYD (alle tye buiten die spandeer-/spitstye hierbo)		
Ritte korter as 5 km	per persoon per rit	8,90
Ritte van 5 km of verder, maar korter as 10 km	per persoon per rit	11,90
Ritte van 10 km of verder, maar korter as 20 km	per persoon per rit	16,90
Ritte van 20 km of verder, maar korter as 30 km	per persoon per rit	19,90
Ritte van 30 km of verder, maar korter as 40 km	per persoon per rit	21,90
Ritte van 40 km of verder, maar korter as 50 km	per persoon per rit	25,90
Ritte van 50 km of verder, maar korter as 60 km	per persoon per rit	27,90
Ritte van 60 km of verder	per persoon per rit	29,90
Premie op lughawediens	per persoon per rit	50,90
c. Let wel: (i) DIE STANDAARTARIEF (in plaas van die Mover-tarief) kan vir krediet- of debietkaartbetalings gehê word sodra sodanige betalings moontlik is. Die Mover-tarief hier bo is gemiddeld sowat 5% laer as die standaardtarief. (ii) Alle tariewe is onderworpe aan betalings en voorwaardes. (iii) Dit sluit in dat tariewe gedurende die jaar gewysig sal word indien die vasgestelde drempels met betrekking tot die prys van laeswaweldiesel bereik word.		
3. VERVOERPRODUKTE		
Stelselwyd maandeliks (wat lughaweritte insluit)	per maand	990,00
Een-, drie- en sewedagkaartjies wat vir onbeperkte ritte op alle roetes gebruik kan word (wat lughaweritte insluit)	1 dag	88,00
	3 dae	202,00
	7 dae	290,00
4. ENKELRITKAARTJIE		
Stelselwye enkelritkaartjie vir niepremiediens: spandeer-/spits- en spaartye, wat premielughawediens uitsluit	per persoon per rit (een rigting)	30,00
Stelselwye enkelritkaartjie vir premiediens: spandeer-/spits- en spaartye, wat premielughawediens insluit	per persoon per rit (een rigting)	100,00
5. KNAPKAART-UITREIKFOOI		
Kaarte kan vir beperkte tye gratis uitgereik word, beperk tot een kaart per persoon, onderworpe aan betalings en voorwaardes.		
Fooi om myconnect-knapkaart uit te reik	Per knapkaart	35,00
Fooi om myconnect-knapkaart by verstryking te vervang	Per knapkaart wat vervang word	22,00

Let wel: Die tariewe is onderworpe aan die betalings en voorwaardes wat in die goedgekeurde begroting vir 2023/24 uiteengesit word.

